Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 146/04

Datum verhoor: 2004-09-14

Datum gelewer: 2004-09-14

In die appél van:

**WILLIAM WARREN ORTMAN** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: KGOMO RP *et* MAJIEDT R

# UITSPRAAK OP APPÉL

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is skuldig bevind aan moord op grond van sy aangebode pleit van skuldig. Met toepassing van die bepalings vervat in artikel 51 van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997, is die appellant gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf. Die appellant kom nou in hoër beroep slegs teen die opgelegde vonnis.

2. Voor ons is daar ook 'n aansoek vir kondonasie vir die laat aantekening van die appél. Die appellant se verduideliking dat hy onkundig was aangaande die wyse waarop appél aangeteken word, aangesien hy dit self hanteer het, is aanvaarbaar. Die enigste oorblywende vraag is derhalwe of daar enige meriete in die appél is.

3. Die appellant het sy saamleefvrou vermoor. Uit sy artikel 112(2) pleitverduideliking blyk die volgende:

3.1 Beide die oorledene en die appellant was sterk onder die invloed van drank tydens die voorval (die oorledene se bloedalkoholvlak was 0.21 g/100ml volgens 'n verslag wat by die verhoorhof as bewysstuk ingedien was).

3.2 Op pad huis toe vanaf die oorledene se niggie se huis, het die oorledene eensklaps gaan lĺ op die grond, klaarblyklik vanweë haar beskonkenheid. Die appellant het die oorledene probeer oorreed om op te staan en verder te loop, maar laasgenoemde het geweier. Hierdie optrede van die oorledene het die appellant toornig gemaak en het hy haar verskeie kere geskop en getrap met sy geskoende voete.

3.3 Die appellant en sy niggie (wat hulle vergesel het) het die oorledene op die appellant se skouers geplaas, maar op die pad het die oorledene van die appellant se skouers afgeval.

3.4 Die appellant het toe daar in 'n dronkslaap verval, nadat sy niggie weg is; die oorledene het steeds daar bly lĺ waar sy geval het. Toe die appellant uit sy dronkslaap wakker geword het, het hy ontdek dat sy vrou beswyk het. Die appellant het dadelik die voorval by die polisie gaan aanmeld.

4. Tydens vonnisoplegging het die streeklanddros bloot 'n bevinding gemaak dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat afwyking van die statutÍr voorgeskrewe minimumvonnis sou regverdig nie. Daar was hoegenaamd geen bespreking van wat die konsep wesenlike en dwingende omstandighede behels nie. Vonnis is opgelÍ voordat die rigtinggewende beslissing van **S v Malgas** 2001(1) SASV 469 (HHA) gelewer is. Op daardie stadium was daar ook in die hofverslae 'n hele aantal teenstrydige uitgangspunte aangaande watter faktore wesenlike en dwingende omstandighede daar sou stel. Dit wil my voorkom dat die streeklanddros bloot die veilige uitweg gekies het deur nie self standpunt in te neem hieraangaande nie.

5. Die gewone strafversagtende en strafverswarende faktore

en omstandighede moet steeds in die weegskaal geplaas word by 'n oorweging of daar wel wesenlike en dwingende omstandighede bestaan al dan nie; sien:

**S v Malgas,** *supra,* te 482 c-d.

In die onderhawige geval het die streeklanddros na my mening gruwelik versuim om sodanige tradisionele strafversagtende faktore as wesenlike en dwingende omstandighede in die appellant se guns in aanmerking te neem. Hy het eerder die erns en veelvuldige voorkoms van die misdryf heeltemal oorbeklemtoon ten koste van die strafversagtende faktore.

6. Na my mening stel die volgende faktore, kumulatief beskou, wel wesenlike en dwingende omstandighede daar:

6.1 Die appellant se graad van beskonkenheid.

6.2 Die aansienlike mate van berou wat die appellant betoon het deur die voorval onmiddellik aan die polisie te rapporteer en ook skuldig te pleit.

6.3 Die appellant se redelik gunstige persoonlike omstandighede – hy was 'n eerste oortreder wat geweldsmisdrywe aanbetref (sy vorige veroordeling vir 'n oneerlikheidsmisdryf was 15 jaar voor die onderhawige voorval); hy was in 'n vaste betrekking as arbeider en was in 'n vaste saamleefverhouding met die oorledene en hy was ook nog betreklik jonk – 27 jaar oud.

6.4 Die appellant was in 'n woedebui toe hy die onbesonne daad gepleeg het.

7. Bowendien en in elk geval, is ek die mening toegedaan dat die vonnis wat in die gewone gang van sake opgelÍ sou gewees het, in die onderhawige geval, só disproporsioneel tot die voorgeskrewe minimum vonnis is,

dat dit *per se* wesenlike en dwingende omstandighede daarstel; sien

**S v Malgas**, *supra*, te 482 i.

8. Na my oordeel is daar dus voldoende meriete in die appél sodat kondonasie toegestaan behoort te word.

9. Ek reik die volgende bevel uit:

**9.1 Kondonasie word aan die appellant verleen vir die laat aantekening van die appél.**

**9.2 Die appél teen vonnis slaag. Die opgelegde vonnis van 15 jaar gevangenisstraf word tersyde gestel en vervang met die volgende: "DIE BESKULDIGDE WORD GEVONNIS TOT 10 (TIEN) JAAR GEVANGENISSTRAF".**

**9.3 Die vonnis word terugdateer tot 26 Februarie 2001.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam en dit word so beveel:**

_________________

**FD KGOMO**

**REGTER-PRESIDENT**

NAMENS APPELLANT : ADV PJ CLOETE

NAMENS RESPONDENT : ADV CG JANSEN

DATUM VAN VERHOOR : 2004-09-14

DATUM VAN UITSPRAAK : 2004-09-14